
stelsel van ontwikkelingsplanne te rasionaliseer nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat sodanige wetgewing baie buigsaam moet wees sodat 'n ontwikkelingsplan veranderlik kan wees in gevalle waar dit noodsaaklik is, maar in gevalle waar dit nie wenslik is nie dat dit 'n moeiliker proses sal wees. Dit moet nie so problematies soos Dorpsaanlegskemas wees nie, maar daar moet ook nie klousules ingevoer word wat die beplanningsfunksie van hierdie Ontwikkelingsplanne sal laat skipbreuk ly nie.



# DIE ONTWIKKELING EN INSTANDHOUDING VAN LANDELIKE DORPE:

# DIE GEVAL LADYBRAND


***PROF. P.C. FOURIE***

*HOOF: DEPARTEMENT STAATS– EN MUNISIPALE ADMINISTRASIE,*

*UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE–VRYSTAAT*


## 1. TER INLEIDING

Die landelike dorpe maak 'n belangrike deel uit van die nasionale infrastruktuur-netwerk wat nodig is om die algemene welsyn van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te bevorder. Dit verklaar waarom die ontwikkeling en instandhouding van hierdie dienssentrums 'n aangeleentheid is wat van meer as plaaslike belang is. Ondersoeke na metodes om die ontwikkeling en instandhouding van plattelandse dorpe effektief te bevorder behoort dus nie agterweë gelaat te word op grond daarvan dat die meeste van hierdie dorpe se blanke bevolking neig om steeds te verminder of nie noemenswaardig toe te neem nie en hul rol in die ekonomiese lewe van die land, verhoudelik gesproke, ook al hoe kleiner word nie. Gelukkig is dit so dat daar aan verskeie universiteite in Suid-Afrika navorsing gedoen word wat op veelvuldige wyses tot die ontwikkeling en instandhouding van die landelike dorpe sou kon bydra. Dit wil egter voorkom asof diegene wat die meeste by die resultate van hierdie navorsing sou kon baat vind óf nie bewus is van hierdie werksaamhede nie óf nie weet hoe om die beskikbare gesistematiseerde kennis op so 'n wyse byeen te bring dat dit vir doeleindes van ontwikkeling op die verskeie lewensterreine in die dorpe benut kan word nie.

Daar is gedurende die afgelope paar jaar in die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verskeie navorsingsprogramme met die oog op die beplanning van die ontwikkeling van bepaalde streke uitgevoer. Hieronder volg nou 'n oorsigtelike en weliswaar ook weens die beperkte ruimte, slegs 'n beknopte beskrywing van ons werksaamhede in Ladybrand. Let wel dat dit bloot 'n verhaling is van wat gedoen is en nog ge-

doen word. Daar sal dus nie op die teoretiese fundering van ons benaderings en advies ingegaan word nie.

## 2. EKONOMIESE BASISSTUDIE

Omdat die gesistematiseerde kennis van die ekonomie van Ladybrand maar karig was het ons aanbeveel dat 'n ekonomiese basisstudie aangepak behoort te word. Die uitgangspunt was dat so 'n ondersoek nie alleen meer kennis en ook 'n beter begrip van die plaaslike ekonomiese situasie sou kon meebring nie maar dat dit ook sou kon help verseker dat daar in die ontwikkelingsbedrywighede met werklikhede rekening gehou word. Verder is die waarde wat so 'n navorsingsprojek sou kon hê vir die mobilisering van 'n gesamentlike poging deur verskeie instellings om aan die vereiste van selfhelp te voldoen, nie uit die oog verloor nie. Daar is naamlik byvoorbaat besef dat die geldelike bydrae van heelwat plaaslike instellings verkry sou moes word om die uitgawes aan die ondersoek verbonde, te kan finansier. Indien die medewerking van soveel as moontlik van die instansies verkry sou kon word, sou daar voorts ook uit wans uit 'n aktiewe belangstelling in die studie aangewakker word wat in 'n belangrike mate sou kon bydra om die uitvoering van die voorgestelde navorsingsprojek te vergemaklik en moontlike weerstand teen die beskikbaarstelling van vertroulike inligting te minimaliseer.

Nadat 'n beraming van die koste van die voorgestelde ekonomiese basisstudie gemaak is, is daar in Ladybrand 'n komitee saamgestel om die geld in te samel. Ons advies was dat die insamelingsveldtog nie slegs in die dorp geloods behoort te word nie maar dat die boere ook gevra moet word om bydraes te lewer. Tot ons verbasing is die paar duisend rand binne enkele weke byeengebring en is ons uitgenooi om een aand tydens 'n onthaal wat deur die burgemeester vir 'n groot aantal persone aangebied is, die geld in ontvangs te neem. Hierdie besonderhede word verstrek omdat die burgemeestersonthaal deel uitgemaak het van die metodiek om geesdrif vir die hele aksie te verwek en sodoende reeds van vroeg af 'n klimaat te help skep wat vir die suksesvolle uitvoering van die beoogde ontwikkelingsprogram van kardinale belang sou wees. Hoe meer mense hulself betrokke gemaak het, hoe gunstiger het die kanse vir sukses geword. Die burgemeester het bloot as gasheer opgetree en het hom op advies, doelbewus daarvan weerhou om die betrokkenheid van die munisipale owerheid te beklemtoon. Deur hierdie prosedure te volg is daar ook op 'n simboliese wyse beklemtoon dat gesamentlike optrede 'n voorwaarde vir veel-dimensionele ontwikkeling in die dorp is. Die waarde van hierdie strategie het met verloop van tyd al hoe duideliker geword.

Die ekonomiese basisstudie is deur Prof. H.A. Kotze en Dr. C. Blignaut met behulp van studente gedurende die universiteitsvakansies gedoen en 'n verslag daaroor is in Julie 1975 aan die betrokke instansies in Ladybrand voorgele. Ons het aanbeveel dat afskrifte van die verslag aan alle belanghebbende instellings beskikbaar gestel word voordat 'n konferensie gehou word om die bevindings te bespreek en ontwikkelingsvoorstelle te oorweeg.

Die voornoemde konferensie is in Oktober 1975 gehou en by daardie geleentheid het die voorsitter van die Boere-unie as seremoniemeester opgetree. Die program het soos volg daaruit gesien: 1. Die oogmerke van die konferensie; 2. Kenmerke van die ekonomiese basis van Ladybrand en moontlike ontwikkelingsimplikasies daarvan; 3. Die ekonomie van die omland van Ladybrand en die betekenis daarvan vir ekonomiese groei en ontwikkeling in die dorp; 4. Moontlikhede vir die skepping van meer werkgeleenthede in Ladybrand; en 5. Ontwikkelingsvoorstelle.

Alvorens 'n aantal ontwikkelingsvoorstelle vir oorweging voorgele is, is die konferensiegangers gevra om in die verslag oor die ekonomiese basisstudie kennis te neem:

a) Van die belangrike rol wat die mark van die omland in die ekonomiese lewe van die dorp speel;

b) dat die handel 'n sleutelbedryf in die dorp is;

c) dat die fabriekswese 'n groot deel van die inkomste voorsien wat uit die basiese ekonomiese aktiwiteite verkry word;

d) dat die salarisse en lone wat betaal word asook die struktuur daarvan 'n wesenlike invloed op die ekonomiese vermenigvuldiger het;

e) dat die buite-besteding van huishoudings in die dorp laag is maar dat die van die boere veral t.o.v. plaasbenodigdhede relatief hoog is;

f) dat die verskeidenheid en gehalte van owerheids- en privaatdienste asook mededingendheid van die pryse van goedere en dienste, van deurslaggewende betekenis vir die ekonomiese welsyn van die dorp is;

g) dat daar 'n direkte en/of indirekte wisselwerking tussen die onderskeie gemeenskapsbedrywighede is en dat hierdie inwerking van die een op die ander 'n faktor is wat vir die toekomstige ontwikkeling en instandhouding van die dorp nie onderskat moet word nie; en

h) dat die leefbaarheid van die dorp in 'n belangrike mate deur die aard en gehalte van die bedrywighede van die munisipaliteit beinvloed word asook deur die ven ander owerheidsinstellings, private ondernemings, vrywillige verenigings en indiwiduele huishoudings.

## 3. 'N TWEEJAAR ONTWIKKELINGSPROGRAM

Toe die geesdriftige konferensiegangers met 'n verskeidenheid indrukke, opvattings en voornemens uitmekaar is, het ons geweet dat dit nodig sal wees om die ontwikkelingsbedrywighede wat gesamentlik aangepak moes word, behoorlik te programmeer om betekenis te verleen aan dit wat andersinds abstrak en tempterend in die vaagheid daarvan sou wees. Ons sou egter nie lank moes wag voordat ons weer eens deur die groepie plaaslike leiers wat by ons as die Gideonsbende' bekend geword het, genader is om voorligting te gee oor hoe daar verder te werk gegaan sou kon word. Intussen het ons verneem dat die referate wat by die voornoemde konferensie gelewer is asook die verslag oor die ekonomiese basisstudie, in verskeie kringe druk bespreek is. Waar nodig en moontlik, het ons op 'n indirekte en verskuilde wyse groepbesprekings van die aangeleentheid aan die gang gesit.

Na aanleiding van die voornoemde versoek, het ons in medewerking met die "Gideonsbende" besluit om 'n vergadering van die verteenwoordigers van die munisipale raad, verenigings en ander belangstellendes te belê waar 'n tweejaar program vir veel-dimensionele ontwikkeling vir oorweging voorgele is. Die vergadering is onder die voorsitterskap van die Burgemeester gehou en is deur 76 persone bygewoon.

Om kort te gaan word hieronder slegs 'n weergawe verstrek van die bewoording op die transpirante wat gebruik is om die voorstelle vir 'n ontwikkelingsprogram in die midde te lê.

1. Die bevordering van die handel

   1.1 Doelstelling

      1.1.1 Die opknapping van handelsbedrywighede
      1.1.2 Die geografiese verruiming van die handelsbedrywighede
      1.1.3 Beter penetrering van die mark

1.2 Hoe?

1.2.1 Deur die organisering van voorligting deur deskundiges

1.2.2 Deur die organisering van opleiding wat na die werksure gedoen kan word.

1.3 Wie?

1.3.1 Die Afrikaanse Sakekamer
1.3.2 Die Kamer van Koophandel

2. Die bevordering van die vervaardigingsbedryf

2.1 Doelstelling

Om die vervaardigingsbedryf in Ladybrand uit te brei en daardeur ook meer werkgeleenthede te skep.

2.2 Hoe?

2.2.1 Die uitbreiding van bestaande onderneming(s)
2.2.2 Deur die potensiaal vir die vestiging van nuwes te ontgin.

2.3 Wie?

2.3.1 Persone en instansies wat benoem moet word om hul vir hierdie saak te beywer.

3. Die bevordering van die doeltreffendheid van munisipale regering en administrasie

3.1 Doelstelling

3.1.1 Die opknapping van die wyse waarop die munisipale regeringsfunksies behartig word.
3.1.2 Die opknapping van die wyse waarop administratiewe werk gedoen en munisipale dienste gelewer word.

Nota: Kundige leiding en bystand sou met die oog hierop van goedgesinde persone verkry kon word. Die benadering moet nie wees om fout te soek nie maar om doelbewus verbetering te probeer bewerkstellig.

4. Die bewaring van die besondere estetiese karakter van ons dorp en die verbetering van die omgewingsgehalte

4.1 Doelstelling

4.1.1 Om daartoe mee te werk dat ons dorp nie 'n blote houer van mense nie maar inderdaad 'n bouer van mense is.
4.1.2 Om by te dra tot die skepping van gunstige lewensomstandighede sodat 'n mens waarlik hier kan lewe en nie slegs 'n lewe maak nie.

4.2 Hoe?

4.2.1 Die verkryging van kundige leiding oor die bewaring van die estetiese karakter van die dorp.
4.2.2 Die institusionalisering van vrywillige werksgroepe om die omgewingsgehalte te laat verbeter en behoorlike instandhouding te bewerkstellig:

a) Woonbuurtkomitee
b) Sakebuurtkomitee

4.2.3 Die programmering van sy werk in hierdie verband deur die munisipale raad en die bekendmaking daarvan.

5. Die bevordering van die doeltreffendheid en effektiwiteit van die vrywillige verenigings

5.1 Doelstelling

5.1.1 Om die bydrae van elke vereniging tot die bevordering van die algemene welsyn van die plaaslike gemeenskap te verbeter.

5.2 Hoe?

5.2.1 Elke vereniging moet sy doelstelling en funksies nagaan en vasstel of veranderings nodig is.

5.2.2 Die organisering van voorligtingkundige byeenkomste met die oog op die verbetering van werkmetodes en die meer vaardigmaking van die beoefenaars daarvan.

6. Die daarstelling van 'n tweejaar werkprogram deur elke vereniging en die doeltreffende koördinering daarvan op 'n geïnstitusionaliseerde wyse

6.1 Doelstelling

Om die doeltreffendheid en effektiwiteit van die bydraes van die verenigings tot die stoflike en geestelike welsyn van die gemeenskap te verhoog

6.2 Hoe?

6.2.1 Nadat die Verenigings elk oor hul doelstelling en funksies besin en aanpassings gemaak het, stel hulle 'n werkprogram vir twee jaar op.

6.2.2 Met die oog hierop behoort hulle die voorligtingkundige hulpbronne te ontgin.

6.2.3 Op 'n datum waaroor gesamentlik besluit is, word die programme op 'n vergadering van verteenwoordigers van die vereniging onder voorsitterskap van die Burgemeester, bekend gemaak en indien nodig met die oog op koördinasie aangepas.

---

To: Journal for Regional Planning,
P.O. Box 2121,
STELLENBOSCH 7600

Enclosed herewith R1,50 being subscription for two issues of the Journal in 1977.

Name ..............................................................................................

Address ..............................................................................................

6.2.4 Die programme word aan soveel mense as moontlik en desnoods by herhaling bekend gestel.

6.2.5 Kwartaallikse byeenkomste van verteenwoordigers word gereel om volgehoue ko-ordinasie te verseker en wedersydse belangstelling vir die grootse gesamentlike poging te bevorder

6.2.6 Reelings word getref om een of meer verenigings op 'n rotasie-basis vir die agenda vir 'n bepaalde vergadering verantwoordelik te maak.

## 7. Twee Konferensies

### 7.1 Doelstelling

Om belanghebbendes die geleentheid te bied om hulself te vergewis van die meetbare en onmeetbare ontwikkeling wat verkry is, leemtes in eie en gesamentlike optrede te identifiseer en opnuut besiel te word om met hend en verstand geleenthede vir ontwikkeling in eie en gemeenskapsbelang te ontgin.

### 7.2 Voorgestelde konferensietemas

7.2.1 Oktober 1977

Ontwikkelingsmikpunte wat bereik is en vooruitsigte wat gestel word

7.2.2 Oktober 1978

Gemeenskapsontwikkeling in Ladybrand: Wat sê ons gewete nou?

### 7.3 Wie?


Die munisipale raad behoort die inisiatief vir die reel van die konferensies te neem en hierdie byeenkomste behoort onder voorsitterskap van die Burgemeester plaas te vind en die stadsklerk behoort die sekretariële werk te doen.

Die voornoemde voorstelle is aanvaar en daar word reeds druk gewerk aan voorleggings wat deur die onderskeie instansies gemaak sal word by 'n vergadering wat teen die einde van Julie gehou gaan word. Daar is reeds nou al aanduidings dat meer en meer mense graag betrokke wil wees en by die werkprogramme betrek wil word. Daar sou gesê kon word dat Ladybrand aan die brand is! Daar word met geesdrif gedink en gedoen en wel op 'n skaal sonder weerga in die geskiedenis van die dorp.

## 5. TEN SLOTTE


Die voorgaande dien om die waarde van kundige voorligting vir die ontwikkeling en instandhouding van landelike dorpe te beklemtoon. Verder dui dit ook op die noodsaaklikheid daarvan om op 'n veel-dimensionele grondslag soveel mense as moontlik by die bedrywighede op 'n georganiseerde wyse betrokke te maak en te hou. Vaardige leierskap, deskundige bystand en die deurlopende verrekening van wat moontlik is, is belangrike vereistes om die ideale wat gekoester word, suksesvol na te streef.

# NUWE UITDAGINGS AAN DIE BEPLANNER




*Parys en sy buitewyke*

2




*Kommunikasiegange tussen stede*

3

Aan: Tydskrif vir Streekbeplanning,
Posbus 2121,
STELLENBOSCH 7600

Ingeslote hierby R1,50 as Inskrywingsgeld op die Tydskrif vir twee uitgawes in 1977.

Naam ..............................................................................................

Adres ..............................................................................................